# St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
# NUUSBRIEF

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus Nr. 16 (012) 804-9670 (012) 804-5039 28 Mei 2010

Beste Ouers

## ST PIFA PRETTOERNOOI

5 Junie is net om die draai! Die besig-heid van hierdie kwartaal dreig om ons belangrikste gebeurtenis – die St Pifa Prettoernooi (oftewel ons eie Mini-Wêreldbeker Toernooi) – te oorskadu. Kry asseblief daardie tekkies en begin oefen. Moenie vergeet om u eie Rasieleierspan bymekaar te kry nie, en kom ons geniet hierdie dag saam met ons kinders terwyl ons geld insamel vir die OOV se 2010 projek, naamlik om die area tussen die swembad en die Graad R klaskamers te ontwikkel. Ons kry min geleenthede om 'n "Familie Pretdag" in 'n veilige omgewing te geniet waar ons almal oefening kan kry. Parkering sal op die klein sportveld beskikbaar wees. Ons voorsien ook ekstra sekuriteit binne en buite die skoolgronde.
Inskrywings moet teen 31 Mei by die Sportkantoor ingehandig word sodat Mnr Webster en sy span die wedstryde opgestel kan word.

## PERSONEELNUUS

Mnr Klaus Ottner het Vrydag 'n knie-operasie ondergaan om geskeurde ligamente in sy knie te herstel. Hy sal die knie vir 'n rukkie moet laat rus en sal eers op 7 Junie terug wees by die werk.

Mev Angela Burrow sou op 31 Mei met kraamverlof gaan, maar klein Luke het ander planne gehad! Ons verwelkom dus vir Luke Burrow, wat 2,7 kg geweeg het en sy opwagting Sondag, 23 Mei, om 15:00 gemaak het. Baie geluk aan die trotse Ma en Pa!

## GRAAD DRIE WÊRELDBEKER

Die Graad Drie's het hulleself werklik oortref met hulle voortreflike projekwerk en die opwindende Sporttoernooi wat Vrydag plaasgevind het. As 'n ervare opvoeder is my waarneming van enige en alle projekwerk op enige vlak dat die twee belangrikste faktore altyd die volgende is:

- Ouers mag leiding gee en voorstelle maak maar die uitvoer van alle take moet deur die kinders self gedoen word, en hierdie take moet 'n weerspieëling van hulle ouerderdom en vermoëns wees. Om u kind se projek vir hom/haar te doen mag dalk 'n

korttermyn voordeel inhou, maar op die lange duur ontneem dit ons kinders die geleentheid om hulle eie vaardighede te ontwikkel, maak hulle afhanklik en verlaag dit hulle selfbeskouing. Ons moet onthou dat ons reeds ons beurt gehad het om op Laerskool uit te blink toe ons op daardie ouderdom was. Ons leerkragte poog nie om volwassenes te leer en te laat groei nie. Ons verantwoordelikheid is om "kinders te kweek" en dit te doen deur te verseker dat hulle selfbeskouing gedy onder die positiewe terugvoer wat hulle kry wanneer hulle hulle eie take na die beste van hulle vermoë uitvoer.

- Om 'n spanspeler te wees. Ons weet almal dat dit baie makliker is om 'n taak op jou eie te voltooi sonder die hindernis daarvan om ander se opinies in ag te neem. Om op jou eie te werk verg die helfte van die tyd wat iets neem wanneer dit deur 'n groep gedoen word. Ons as sosiale wesens moet egter interpersoonlike verhoudingsvaardighede ontwikkel en die beste plek om dit aan te leer is om aan 'n groepprojek te werk.

Kinders word gereeld gedurende hulle opvoeding op faktore wat retensie, geheue en die toepassing van kennis getoets, maar die vaardighede wat ons die grootste behoefte aan het, naamlik om goeie leiers, maats, kollegas, moeders en vaders te wees – die vaardighede van deel wees van 'n eenheid – die familiespan – word nie soveel benadruk nie.

Ek het die "Winterspele" en al die heerlike kookkuns van die vele lande terdeë geniet. Dankie aan die kinders vir hulle harde werk en entoesiasme, aan die ouers vir hulle ondersteuning en moeite, en aan die leerkragte vir hulle kreatiwiteit en toewyding.

## WAT LEEKRAGTE MAAK

Mense is somtyds neerhalend oor leerkragte en die onderwysberoep, want dit is nie 'n hoogs-betaalde professie nie. As 'n gemeenskap maak ons dikwels die fout om materiële rykdom met status in verband te bring. Ek deel graag 'n verwerking van 'n e-pos wat ek onlangs ontvang het, met u. (Ek kan ongelukkig nie die bron aanhaal nie, want dit was nie ingesluit nie.)

By 'n aandete het die bespreking rondom die sukses van 'n verskeidenheid besigheids-ondernemings gegaan, en die fokus het na die ongelukkige onderwysers, wat duidelik swak toegerus is om enige iets te "maak", geskuif. "Wat kan 'n kind leer by iemand wat besluit het die beste opsie in die lewe was om 'n onderwyser te word?", het die suksesvolle Hoof Uitvoerende Direkteur aan die kop van die tafel uitgedaag. "Wat maak 'n onderwyser?"
'n Onderwyser aan tafel het as volg op die uitdaging gereageer:
"Ek laat kinders wonder. Ek laat kinders vrae vra. Ek laat hulle om verskoning vra en ek bedoel dit werklik. Ek laat hulle hulleself en ander respekteer en verantwoordelikheid vir hulle optrede aanvaar. Ek laat hulle lees, lees, lees. Ek laat hulle hulle Wiskunde-berekeninge wys deur hulle God-gegewe talente, en nie 'n sakrekenaar nie, te gebruik. Ek maak hulle trots op hulle eie unieke kulturele identiteit terwyl hulle tesame hiermee die waarde van ander erken. Ek leer hulle om trots te wees op hulle pogings en om goed te voel oor hulleself. Ek maak van die klaskamer 'n veilige plek vir kinders om foute te maak en te leer.
As 'n onderwyser is wat ek "maak" nie altyd vatbaar nie, maar die belangrikste is dat ek 'n verskil maak."

## GELUKWENSE

Lauren en Bernice Coetser is gekies vir die Noord-Gauteng Zone Span wat op 11 Junie in Pinetown, Kwazulu-Natal gaan deelneem.

*Mag u 'n wonderlike naweek saam met u kinders hê terwyl u u Span gereed kry vir die St Pifa Prettoernooi!*

## WAT VOORLÊ

Vrydag, 28 Mei:
Sokker: Crawford Malastoernooi O/6 – O/9 (Juniors)
Hokkieliga by Rietondale
Saterdag, 29 Mei:
Spar Sokkertoernooi O/10 – O/13 (Seniors)
Hokkieliga by Rietondale
Dinsdag, 1 Junie:
Sokker: Uitdaagbeker Finaal by CBC – O/10B
Woensdag:
Netbal teen La Montagne by St Paulus – O/9 – O/13
Donderdag, 3 Junie:
Hokkie: O/12A Seuns teen Tygervalley by Tygervalley
Vrydag, 4 Junie:
Hokkieliga by Rietondale

ST.PIFA 2010

Saterdag, 5 Junie 2010:
St PIFA Prettoernooi
08:00

*"Failure is only the opportunity to begin again more intelligently."*

- Henry Ford